

**HARTENBOS VAKANSIEDORP HUISEIENAARSVERENIGING
FINANSIËLE STATE
VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER 2017**

GRANT THORNTON
Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.)
Geregistreerde Ouditeure

20 Desember 2017

Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging

Finansiële State vir die jaar geëindig 30 September 2017

Algemene inligting

Land van inkorporasie en domisilie	Suid-Afrika
Aard van besigheid en hoofaktiwiteite	Huiseienaarsvereniging
Bestuur	S N van Vuuren D du Toit A Grobler A Goosen B Van Heerden E Marais L Van Niekerk
Geregistreerde kantoor	Kaap de Goedehooplaan Hartenbos 6520
Besigheidsadres	Kaap de Goedehooplaan Hartenbos 6520
Posadres	Posbus 902 Hartenbos 6520
Ouditeure	GRANT THORNTON Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.) Geregistreerde Ouditeure
Belastingverwysingsnommer	9213/002/10/9
Vlak van gerusstelling	'n Oudit was uitgevoer op hierdie finansiële state.

Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging

Finansiële State vir die jaar geëindig 30 September 2017

Inhoudsopgawe

Die verslae en state soos vervat in die dokument verteenwoordig die finansiële state wat aan die bestuur voorgelê is:

Inhoudsopgawe	Bladsy
Bestuur se verantwoordelikhede en -goedkeuring	3
Onafhanklike Ouditeursverslag	4 - 6
Voorsitter se verslag	7
Staat van Finansiële Posisie	8
Staat van Wins of Verlies en Ander Omvattende Inkomste	9
Staat van Verandering in Ekwiteit	10
Staat van Kontantvloei	11
Rekeningkundige Beleid	12 - 13
Aantekeninge tot die Finansiële State	14 - 16
Volledige Inkomstestaat	17
Aanvullende inligting	18 - 22

Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging

Finansiële State vir die jaar geëindig 30 September 2017

Bestuur se verantwoordelikhede en -goedkeuring

Daar word van die bestuur vereis om toereikende rekeningkundige rekords te handhaaf en die bestuur is verantwoordelik vir die inhoud en integriteit van die finansiële state en verwante finansiële inligting wat by die verslag ingesluit is. Dit is hul verantwoordelikheid om te verseker dat die finansiële state 'n redelike weergawe is van die stand van sake van die vereniging soos op die einde van die finansiële jaar en die resultate van sy bedrywighede en kontantvloei vir die tydperk wat op daardie datum geëindig het, in ooreenstemming met die rekeningkundige beleid soos uiteengesit in nota 1 in die finansiële state. Die eksterne ouditeure is aangestel om 'n onafhanklike mening oor die finansiële state uit te spreek.

Die finansiële state is ooreenkomstig die rekeningkundige beleid soos uiteengesit in nota 1 in die finansiële state opgestel en is gebaseer op toepaslike rekeningkundige beleid wat konsekwent toegepas is en wat deur redelike en verstandige oordeel en ramings ondersteun word.

Die bestuur erken dat hulle uiteindelik verantwoordelik is vir die stelsels van interne finansiële beheer wat deur die vereniging ingestel is en plaas aansienlike klem op die handhawing van 'n streng beheeromgewing. Die direksie stel standarde vir interne beheer wat daarop gemik is om die risiko van foute of verlies op 'n koste-effektiewe wyse te verminder, om die bestuur in staat te stel om hierdie verantwoordelikhede na te kom. Die standarde sluit in die behoorlike delegasie van verantwoordelikhede binne 'n duidelik gedefinieerde raamwerk, effektiewe rekeningkundige prosedures en toereikende skeiding van pligte om 'n aanvaarbare risikovolak te verseker. Hierdie beheermaatreëls word regdeur die vereniging gemonitor en alle werknemers word verplig om die hoogste etiese standarde te handhaaf om te verseker dat die vereniging se besigheid uitgevoer word op 'n wyse wat in alle redelike omstandighede bo verdenking is. Die vereniging se fokus op risikobestuur is gerig op die identifisering, evaluering, bestuur en monitering van alle bekende risiko's in die vereniging. Hoewel die bedryfsrisiko nie heeltemal uitgeskakel kan word nie, poog die vereniging om dit tot 'n minimum te beperk deur te verseker dat die toepaslike infrastruktuur, kontroles, stelsels en etiese gedrag binne voorafbepaalde prosedures en beperkings toegepas en bestuur word.

Die bestuur is van mening, gebaseer op die inligting en verduidelikings wat deur die bestuur gegee is, dat die interne beheerstelsels redelike sekerheid bied dat daar vir die voorbereiding van die finansiële state op die finansiële rekords gesteun kan word. Enige interne finansiële beheerstelsel kan egter slegs redelike, en nie absolute, versekering bied teen enige wesentliche wanvoorstelling of verlies.

Die bestuur het die vereniging se kontantvloei-vooruitskatting vir die jaar tot 30 September 2018 geëvalueer en, in die lig van hierdie oorsig en die huidige finansiële posisie, is hulle oortuig dat die vereniging toegang het tot toereikende hulpbronne om voort te gaan in operasionele bestaan in die afsienbare toekoms.

Die eksterne ouditeure is verantwoordelik vir die onafhanklike ouditering en verslagdoening van die vereniging se finansiële state. Die finansiële state is deur die vereniging se eksterne ouditeure ondersoek en hul verslag is uiteengesit op bladsy 4 - 6.

Die finansiële state wat uiteengesit is op bladsye 7 tot 16 en voorberei is op die lopende saak grondslag, is goedgekeur en onderteken namens die bestuur op 20 Desember 2017 deur:

S N van Vuuren

D du Toit

Onafhanklike Ouditeursverslag

Aan die bestuur van

Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging

Mening

Ons het die finansiële state van Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging soos uiteengesit op bladsy 7 tot 16, geoudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die staat van finansiële posisie soos op 30 September 2017, en die staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste, staat van verandering in ekwiteit en staat van kontantvloeï vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en die aantekeninge tot die finansiële state, insluitend 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid en ander verduidelikende inligting.

Na ons mening is die finansiële state, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike voorstelling van die finansiële stand van Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging soos op 30 September 2017, en van die vereniging se finansiële prestasie en kontantvloeï vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig die rekeningkundige beleid soos uiteengesit in nota 1 in die finansiële state.

Grondslag vir Mening

Ons het ons audit ooreenkomstig '*International Standards on Auditing*' ('ISAs') uitgevoer. Ons verantwoordelikhede in terme van daardie standaard word verder beskryf in die *Ouditeur se Verantwoordelikheid vir die audit van die finansiële state* afdeling van ons verslag. Ons is onafhanklik van die vereniging in ooreenstemming met die '*Independent Regulatory Board of Auditors (IRBA)*' se '*Kode vir Professionele Gedrag vir Geregistreerde Ouditeure (IRBA-kode)*', tesame met die etiese vereistes wat van toepassing is op audits van die finansiële state in Suid-Afrika. Ons het ons ander etiese verantwoordelikhede ooreenkomstig hierdie vereistes en die IRBA Kode vervul. Die IRBA-kode is konsekwent met die '*International Ethics Standards Board for Accountants - Code of Ethics for Professional Accountants (Parts A and B)*'. Ons glo dat die auditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons auditmening te bied.

Beklemtoning van Aangeleentheid

Sonder om ons mening te wysig wil ons graag u aandag fokus op Nota 1 tot die finansiële state wat die rekeningkundige grondslag beskryf. Die finansiële state word voorberei in ooreenstemming met die vereniging se eie rekeningkundige beleid om te voldoen aan die inligtings behoeftes van die vereniging se lede. Die finansiële state mag dus as gevolg hiervan nie geskik wees vir 'n ander doel nie.

Ander inligting

Die bestuur is verantwoordelik vir die ander inligting. Die ander inligting bestaan uit die Voorsitter verslag, uiteengesit op bladsy 5 van die finansiële state, wat ons voor die datum van hierdie verslag verkry het. Ander inligting sluit nie die finansiële state en ons ouditeursverslag daaroor in nie.

Ons mening oor die finansiële state dek nie die ander inligting nie en ons spreek geen auditopinie of enige vorm van gerusstelling daaroor uit nie.

In verband met ons audit van die finansiële state is dit ons verantwoordelikheid om die ander inligting te lees, en sodoende te oorweeg of die ander inligting wesenlik teenstrydig is met die finansiële state of kennis verkry gedurende die audit, of andersins blyk om wesenlik wanvoorgestel te wees. Indien ons, op grond van die werk wat ons uitgevoer het, tot die gevolgtrekking kom dat daar 'n wesenlike wanvoorstelling van hierdie ander inligting is, word van ons vereis om daardie feit te rapporteer. Ons het niks om in hierdie verband te rapporteer nie.

Bestuur se verantwoordelikheid vir die finansiële state

Die bestuur is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van hierdie finansiële state ooreenkomstig die rekeningkundige beleid soos uiteengesit in nota 1 in die finansiële state, en vir sodanige interne beheer as wat die bestuur nodig ag vir die opstel van finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute.

As deel van die opstel van die finansiële state is die bestuur daarvoor verantwoordelik om die vereniging se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan te beoordeel, en soos toepaslik aangeleenthede wat verband hou met die lopende saak en die gebruik van die lopende saak grondslag van verslagdoening te openbaar, tensy die bestuur beplan om die vereniging te likwideer of om bedrywighede te staak, of geen realistiese alternatief het as om dit te doen nie.

Ouditeur se verantwoordelikheid vir die audit van die finansiële state

Ons doelwitte is om redelike gerusstelling te verkry of die finansiële state as 'n geheel vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, en om 'n ouditeursverslag uit te reik wat ons mening bevat. Redelike gerusstelling is 'n hoë vlak van gerusstelling, maar is nie 'n waarborg dat 'n audit wat ooreenkomstig die ISAs uitgevoer is altyd 'n wesenlike wanvoorstelling sal opspoor indien dit bestaan nie. Wanvoorstellings kan ontstaan as gevolg van bedrog of foute, en word individueel of in totaal wesenlik geag indien dit redelikerwys verwag kan word dat sodanige wanvoorstellings die ekonomiese besluite van gebruikers wat op grond van hierdie finansiële state geneem word sal beïnvloed.

As deel van 'n audit ooreenkomstig ISAs oefen ons professionele oordeel uit en handhaaf ons professionele skeptisisme deurlopend deur die audit. Ons doen ook die volgende:

- Identifiseer en beoordeel die risikos van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy bedrog of foute, ontwerp en voer auditprosedures uit na aanleiding van daardie risikos, en verkry auditbewyse wat voldoende en toepaslik is om 'n grondslag vir ons auditmening te bied. Die risiko van nie-opsporing van 'n wesenlike wanvoorstelling as gevolg van bedrog is groter as vir 'n wesenlike wanvoorstelling as gevolg van foute, aangesien bedrog samespanning, vervalsing, doelbewuste weglatings, wanvoorstellings, of die omseilings van interne beheer kan behels.
- Verkry 'n begrip van interne beheer relevant tot die audit ten einde auditprosedures te ontwerp wat toepaslik is in die omstandighede, maar nie vir die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die vereniging se interne beheer nie.
- Evalueer die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings en verwante openbaarmaking wat deur die bestuur gemaak is.
- Kom tot 'n gevolgtrekking oor die toepaslikheid van die bestuur se gebruik van die lopende saak grondslag van verantwoording, en gebaseer op auditbewyse verkry, kom tot 'n gevolgtrekking oor die bestaan van 'n wesenlike onsekerheid wat verband hou met gebeure of omstandighede wat beduidende twyfel kan laat bestaan oor die vereniging se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan. Waar ons tot die gevolgtrekking kom dat 'n wesenlike onsekerheid bestaan word daar van ons vereis om in ons ouditeursverslag aandag te vestig op die toepaslike openbaarmaking in die finansiële state, of, indien sodanige openbaarmaking onvoldoende is, om ons mening te wysig. Ons gevolgtrekkings word gebaseer op auditbewyse verkry tot en met die datum van ons ouditeursverslag. Toekomstige gebeure en omstandighede mag egter daartoe aanleiding gee dat die vereniging ophou om as 'n lopende saak voort te bestaan.
- Evalueer die algehele voorstelling, struktuur en inhoud van die finansiële state, insluitende die openbaarmaking, en of die finansiële state die onderliggende transaksies en gebeure op só manier weergee dat redelike voorstelling bereik word.

Ons kommunikeer met die bestuur oor, onder andere, die beplande omvang en tydsberekening van die audit en beduidende auditbevindinge, insluitende enige beduidende tekortkominge in interne beheer wat ons tydens ons audit identifiseer.

GRANT THORNTON
Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.)
Geregistreerde Ouditeure

J S Hugo
Direkteur
Geoktrooieerde Rekenmeester (SA)
Geregistreerde Ouditeur

20 Desember 2017

Suite 102
Yorkstraat 72
George
6529

Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging

Finansiële State vir die jaar geëindig 30 September 2017

Voorsitter se verslag

Die bestuur dien hul verslag in vir die jaar geëindig 30 September 2017.

1. Oorsig van aktiwiteite

Hoofbesigheid en bedrywighede

Die vereniging is 'n huiseienaarsvereniging en is hoofsaaklik in Hartenbos en Mosselbaai werksaam.

Die vereniging se bedryfsresultate en stand van sake word ten volle in die aangehegde finansiële state uiteengesit en vereis na ons mening geen bykomende kommentaar nie.

2. Gebeure na die verslagdoeningsdatum

Die bestuur is nie bewus van enige aangeleentheid of gebeurtenis, wat sedert die einde van die finansiële jaar ontstaan het, wat 'n wesenlike uitwerking op die finansiële state het nie.

3. Bydraes

Bydraes betaal deur afdeling eienaars en rente verdien gedurende die jaar was toereikend om aan besteding te voldoen, wat 'n heffingssurplus van R313,684 (2016: R104,163) tot gevolg het.

4. Bestuur

Die vereniging se bestuur gedurende die jaar en tot die datum van hierdie verslag is soos volg:

Naam	Nasionaliteit
S N van Vuuren	RSA
D du Toit	RSA
A Grobler	RSA
A Goosen	RSA
B Van Heerden	RSA
E Marais	RSA
L Van Niekerk	RSA

5. Sekretaris

Die vereniging se sekretaris is Schalk van Vuuren.

6. Ouditeure

GRANT THORNTON sal in die volgende finansiële tydperk hul amp voortsit.

Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging

Finansiële State vir die jaar geëindig 30 September 2017

Staat van Finansiële Posisie soos op 30 September 2017

Syfers in Rand	Aantekening(e)	2017	2016
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom	2	600	600
Belegging	3	211,695	-
		212,295	600
Bedryfsbates			
Handels- en ander ontvangbare rekeninge	4	142,060	122,495
Kontant en kontant-ekwivalente	5	236,369	108,051
		378,429	230,546
Totale bates		590,724	231,146
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE			
FONDSE EN RESERWES			
Opgelope surplus		250,047	(63,637)
LASTE			
Bedryfslaste			
Handels- en ander betaalbare rekeninge	6	338,163	294,783
Inkomstebelasting betaalbaar		2,514	-
		340,677	294,783
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede		590,724	231,146

Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging

Finansiële State vir die jaar geëindig 30 September 2017

Staat van Wins of Verlies en Ander Omvattende Inkomste

Syfers in Rand	Aantekening(e)	2017	2016
Inkomste	7	2,047,240	1,934,400
Bedryfskoste		(1,806,391)	(1,856,191)
Bedryfs surplus		240,849	78,209
Beleggingsinkomste	8	75,349	25,954
Surplus voor belasting		316,198	104,163
Belasting	9	(2,514)	-
Surplus vir die jaar		313,684	104,163
Ander omvattende inkomste		-	-
Totale omvattende inkomste vir die jaar		313,684	104,163

Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging

Finansiële State vir die jaar geëindig 30 September 2017

Staat van Verandering in Ekwiteit

Syfers in Rand	Opgelope surplus	Totale ekwiteit
Saldo op 1 Oktober 2015	(167,800)	(167,800)
Surplus vir die jaar	104,163	104,163
Ander omvattende inkomste	-	-
Totale omvattende inkomste vir die jaar	104,163	104,163
Saldo op 1 Oktober 2016	(63,637)	(63,637)
Surplus vir die jaar	313,684	313,684
Ander omvattende inkomste	-	-
Totale omvattende inkomste vir die jaar	313,684	313,684
Saldo op 30 September 2017	250,047	250,047

Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging

Finansiële State vir die jaar geëindig 30 September 2017

Staat van Kontantvloei

Syfers in Rand	Aantekening(e)	2017	2016
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite			
Kontantontvangste van kliënte		1,834,898	2,075,071
Kontant betaal aan verskaffers en werknemers		(1,570,234)	(2,073,970)
Kontant gegenereer deur bedrywighede	10	264,664	1,101
Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite		264,664	1,101
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite			
Beweging in belegging		(211,695)	-
Rente-inkomste		63,654	25,954
Dividende ontvang		11,695	-
Netto kontant uit beleggingsaktiwiteite		(136,346)	25,954
Totale kontantbeweging vir die jaar		128,318	27,055
Saldo aan die begin van die jaar		108,051	80,996
Saldo aan die einde van die jaar	5	236,369	108,051

Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging

Finansiële State vir die jaar geëindig 30 September 2017

Rekeningkundige Beleid

1. Aanbieding van finansiële state

Die finansiële state is ooreenkomstig die rekeningkundige beleid soos hieronder uiteengesit, opgestel. Dit word in Suid-Afrikaanse Rand aangebied.

Hierdie rekeningkundige beleid stem ooreen met die vorige tydperk.

1.1 Beduidende oordeel en bronne van ramingsonsekerheid

Belangrike oordeel in die toepassing van rekeningkundige beleid

Met die opstel van die finansiële state word van bestuur vereis om beoordeling, ramings en aannames te maak wat die bedrae uiteengesit in die finansiële en verwante openbaarmakings beïnvloed. Die ramings en verwante aannames is gebaseer op historiese ondervinding en ander faktore wat as relevant beskou word. Die werklike resultate in die toekoms kan verskil van hierdie ramings wat wesenlik vir die finansiële state kan wees.

Finansiële bates gemeet teen koste en geamortiseerde koste

Finansiële bates teen kosprys en geamortiseerde koste word op die verslagdoeningsdatum deur die vereniging geëvalueer vir waardedaling. By bepaling of 'n waardedalingsverlies in die Staat van Omvattende Inkomste en opgelope surplus aangeteken moet word, oordeel die vereniging of daar waarneembare inligting is wat dui op 'n meetbare afname in die geraamde toekomstige kontantvloei van finansiële bates.

Waardedaling op finansiële bates teen kosprys en geamortiseerde koste word op 'n portefeuljegrondslag bereken, wat gebaseer is op historiese verliesverhoudings aangepas vir nasionale en industrie spesifieke ekonomiese toestande en ander aanwysers wat teenwoordig is op die verslagdoeningstydperk en wat ooreenstem met wanbetalings op die portefeulje. Die jaarlikse verliesverhoudings word toegepas op leningsaldo's in die portefeulje en volgens skaal aangepas by die beraamde verliesvoorkomstydperk.

1.2 Eiendom

Eiendom is tasbare items wat gehou word vir gebruik in die produksie of verskaffing van goedere en dienste, of vir die verhuring aan ander of vir administratiewe doeleindes, en sal na verwagting in meer as een tydperk gebruik word.

Die kosprys sluit koste in wat aanvanklik aangegaan is om 'n item van eiendom te verkry of te bou en koste wat daarna aangegaan is om daarby toe te voeg, 'n deel daarvan te vervang of dit te diens. Indien 'n vervangingskoste erken word in die drabedrag van 'n item van eiendom, word die drabedrag van die vervangde item omgeswaai.

Eiendom word gedra teen kosprys minus opgehoopte waardedalingsverliese.

Grond word nie gedeprimeer nie.

1.3 Finansiële instrumente

Aanvanklike meting

Die vereniging klassifiseer finansiële instrumente, of hul samestellende dele, met aanvanklike erkenning as 'n finansiële bate, 'n finansiële las of 'n ekwiteitsinstrument ooreenkomstig die wese van die kontraktuele ooreenkoms.

Finansiële bates en finansiële laste word op die vereniging se staat van finansiële posisie erken wanneer die vereniging 'n party word in die kontraktuele bepaling van die instrument.

Handels- en ander ontvangbare rekeninge

Handelsdebiteure word teen historiese koste minus enige voorsiening van oninbare skulde.

Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging

Finansiële State vir die jaar geëindig 30 September 2017

Rekeningkundige Beleid

1.3 Finansiële instrumente (vervolg)

Kontant en kontant-ekwivalente

Kontant en kontant-ekwivalente bestaan uit kontant voorhande, aanvraagdeposito's en ander korttermyn hoogs likiede beleggings wat geredelik in 'n bekende kontantbedrag omskepbaar is en aan nietige risiko's ten opsigte van waardeverandering onderhewig is. Dit word aanvanklik en daarna teen billike waarde aangeteken.

Handels- en ander betaalbare rekeninge

Handelskrediteure word teen historiese koste gedra.

1.4 Belasting

Lopende belastingbates en -laste

Lopende belasting vir huidige en vorige tydperke word, in soverre dit onbetaal is, as 'n las erken. Indien die bedrag wat reeds betaal is ten opsigte van huidige en vorige tydperke meer is as die bedrag wat in daardie tydperke betaalbaar is, word die surplus as 'n bate erken.

Lopende belastinglaste (bates) vir die huidige en vorige tydperke word gemeet teen die bedrag wat na verwagting betaal sal word aan (verhaal sal word vanaf) die belastingowerhede, deur gebruik te maak van die belastingkoers (en belastingwetgewing) wat teen die verslagdoeningsdatum uitgevaardig is of in wese uitgevaardig is.

Die belasting aanspreeklikheid weerspieël die invloed van die moontlike uitkoms van 'n oorsig deur die belastingowerhede.

Belastinguitgawes

Belastinguitgawes word erken in dieselfde komponent van totale omvattende inkomste of ekwiteit as die transaksie of ander gebeurtenis wat gelei het tot die belastinguitgawe.

Die vereniging word kragtens artikel 10(1)(e) van die Inkomstebelastingwet belas.

1.5 Inkomste

Inkomste word erken tot die mate waartoe die vereniging die beduidende risiko's en belonings van eienaarskap van goedere aan die koper oorgedra het, of dienste gelewer het ingevolge 'n ooreenkoms op voorwaarde dat die bedrag betroubaar gemeet kan word en dit waarskynlik is dat ekonomiese voordeel, wat verband hou met die transaksie, die vereniging sal toekom. Inkomste word gemeet teen die billike waarde van die vergoeding ontvang of ontvangbaar, uitgesluit verkoopsbelasting en afslag.

Rente word erken in surplus of tekort deur gebruik te maak van die effektiewerentekoers-metode.

Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging

Finansiële State vir die jaar geëindig 30 September 2017

Aantekeninge tot die Finansiële State

Syfers in Rand	2017	2016
----------------	------	------

2. Eiendom

	2017			2016		
	Koste	Opgehoopte depresiasie	Drawaarde	Koste	Opgehoopte depresiasie	Drawaarde
Grond	600	-	600	600	-	600

Rekonsiliasie van eiendom - 2017

Grond	Openingsaldo 600	Totaal 600
-------	---------------------	---------------

Rekonsiliasie van eiendom - 2016

Grond	Openingsaldo 600	Totaal 600
-------	---------------------	---------------

Besonderhede van eiendomme

Erf 3484 Hartenbos, afdeling Mosselbaai, Provinsie Wes-Kaap

Straat oppervlakte, gehou kragtens transportakte T12694/1997

- Oordragprys	100	100
---------------	-----	-----

Erf 3194 Hartenbos, afdeling Mosselbaai, Provinsie Wes-Kaap

Straat oppervlakte, gehou kragtens transportakte T41113/1996

- Oordragprys	100	100
---------------	-----	-----

Erf 3500 Hartenbos, afdeling Mosselbaai, Provinsie Wes-Kaap

Straat oppervlakte, gehou kragtens transportakte T51980/1996

- Oordragprys	100	100
---------------	-----	-----

Erf 3650 Hartenbos, afdeling Mosselbaai, Provinsie Wes-Kaap

Straat oppervlakte, gehou kragtens transportakte T40667/1996

- Oordragprys	100	100
---------------	-----	-----

Erf 3513 Hartenbos, afdeling Mosselbaai, Provinsie Wes-Kaap

Straat oppervlakte, gehou kragtens transportakte T40666/1996

- Oordragprys	100	100
---------------	-----	-----

Erf 4337 Hartenbos, afdeling Mosselbaai, Provinsie Wes-Kaap

Straat oppervlakte, gehou kragtens transportakte T93817/2000

- Oordragprys	100	100
---------------	-----	-----

Die eiendomme (1-6) is as kapitale donasie ontvang en word getoon teen die oordragpryse. Die bostaande erwe is privaat strate.

Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging

Finansiële State vir die jaar geëindig 30 September 2017

Aantekeninge by die Finansiële State

Syfers in Rand	2017	2016
3. Belegging		
Teen kosprys		
Gryphon Collective Investments	211,695	-
Nie-bedryfsbates		
Teen kosprys	211,695	-
4. Handels- en ander ontvangbare rekeninge		
Ontvangbare handelsdebiteure	142,060	122,495
5. Kontant en kontant-ekwivalente		
Kontant en kontantekwivalente bestaan uit:		
Banksaldo's	25,321	968
Korttermyndeposito's	211,048	107,083
	236,369	108,051
6. Handels- en ander betaalbare rekeninge		
Betaalbare handelskrediteure	105,622	97,114
Bedrae vooruit ontvang	74,367	52,295
Deposito's ontvang	158,174	145,374
	338,163	294,783
7. Inkomste		
Heffings vir die jaar	2,047,240	1,934,400
8. Beleggingsinkomste		
Dividend Inkomste		
Gryphon Collective Investments	11,695	-
Rente-inkomste		
Ander rente	63,654	25,954
	75,349	25,954

Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging

Finansiële State vir die jaar geëindig 30 September 2017

Aantekeninge by die Finansiële State

Syfers in Rand	2017	2016
9. Belasting		
Belangrikste komponente van die belastinguitgawe		
Lopend		
Plaaslik inkomstebelasting - huidige tydperk	2,514	-
Rekonsiliasie van die belastinguitgawes		
Rekonsiliasie van rekeningkundige wins en belastinguitgawe.		
Rekeningkundige surplus	316,198	104,163
Belasting teen die toepaslike koers van 28% (2016: 28%)	88,535	29,166
Belastinguitwerking van aanpassing op belasbare inkomste		
Artikel (10) (1) (e) vrystelling - Beperk to R 50 000	(14,000)	(7,267)
Aftrekbare uitgawes	(1,309)	-
Nie-belasbare Inkomste	(67,437)	(21,899)
Plaaslike dividende uitgesluit	(3,275)	-
	2,514	-
10. Kontant gegenereer deur bedrywighede		
Surplus voor belasting	316,198	104,163
Aanpassings vir:		
Dividende ontvang	(11,695)	-
Rente ontvang	(63,654)	(25,954)
Veranderings in bedryfskapitaal:		
Handels- en ander ontvangbare rekeninge	(19,565)	(102,075)
Handels- en ander betaalbare rekeninge	43,380	24,967
	264,664	1,101
11. Ouditeursvergoeding		
Oudit fooie	14,820	15,014

Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging

Finansiële State vir die jaar geëindig 30 September 2017

Volledige Inkomstestaat

Syfers in Rand	Aantekeninge	2017	2016
Inkomste			
Heffings vir die jaar		2,047,240	1,934,400
Ander inkomste			
Dividende ontvang	8	11,695	-
Rente ontvang	8	63,654	25,954
		75,349	25,954
Bedryfskoste			
Bankkoste		15,940	14,615
Drukwerk en skryfbehoeftes		2,500	1,900
Geriewe		17,773	17,823
Herstelwerk en instandhouding		282,814	270,178
Honorarium		7,800	7,750
Korting toegelaat		186,007	171,890
Onthaalkoste		2,557	2,750
Ouditeursvergoeding	11	14,820	15,014
Posgeld		2,444	380
Regskoste		-	13,945
Reiskoste - plaaslik		20,504	10,974
Rekenaarkoste		213	200
Rekeningkundige geld		139,968	129,600
Sekuriteit		899,146	743,081
Slegte skuld		(145,691)	58,320
Tuindienste		355,690	393,865
Versekering		3,906	3,906
		(1,806,391)	(1,856,191)
Surplus voor belasting		316,198	104,163
Belasting	9	(2,514)	-
Surplus vir die jaar		313,684	104,163

Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging

Finansiële State vir die jaar geëindig 30 September 2017

Aanvullende inligting

Syfers in Rand	2017	2016
Heffings uitstaande op jaareinde		
156 Bluewater Drive Property BL	9,545	3,866
Barnard Familie Trust	-	9,021
Booyens JF	-	4,800
Botes EC	164	4,333
Buchner J	-	4,800
Burger HR	-	4,800
DU P Botha J	-	4,333
De Jager LL	-	4,847
De Witt MN & Z	-	4,333
Deetlefs OO Du T	6,052	4,800
Dippenaar FCB & JW	-	4,800
Du Bois FM	5,080	-
Du Plessis CJ	11,221	9,260
Du Plessis P De W Du Plessis	3,322	3,853
Fletcher - Sandhurst Leigh	5,539	4,800
Geldenduys ME	383	-
Gelderblom CM	4,613	-
Grobbelaar FC & K	12,734	10,657
Grobler JE	-	4,800
Herbst CT	-	990
Horn JWL	5,544	4,800
Jakhalsdans Eiendomme (Edms) Bpk	-	3,050
Jakhalsdans Property Trust	2,570	-
Jooste LD	-	4,800
Kayru Trust	10,085	4,333
Kemp PA	12	-
Kotze PD & Engelbrecht L	-	4,800
Kruger E	10,085	4,333
Le Morné Familie Trust	-	4,500
Loock MC	80	-
Lötter AF	-	4,800
Mapierhan Trust	-	4,900
Marais DE	-	720
Maree JH	-	4,333
Nel PJ (Andy)	5,761	10,113
Oberholzer L	-	4,800
Parkin JC	5,479	9,004
Pascoal AS	5,080	-
Pieters MH	-	360

Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging

Finansiële State vir die jaar geëindig 30 September 2017

Aanvullende inligting

Syfers in Rand	2017	2016
Heffings uitstaande op jaareinde (vervolg)		
Saunders GK & A	-	4,333
Scholtz HA	-	4,800
Stander EE	-	4,800
Terblanche E	144	-
The Zeru Trust	-	4,800
Thornmahlen AS	-	4,333
Van Niekerk DF	15	-
Van Wyk AM	5,080	-
Van Wyk MJC	-	720
Van den Berg EM	1,252	4,800
Van der Berg B	-	4,800
Van der Merwe J	4,528	4,800
Van der Westhuizen AM	-	4,800
Visser Familie Trust	10,624	4,800
Visser Familie Trust	-	4,800
Visser R (Mev EM Terblanche)	363	-
Vosloo KM	-	520
Wessels AA	-	4,800
Wessels M	-	27,264
Willemse JHE	11,625	5,667
Willow Waters Trust	-	4,800
Zandberg Trust	-	9,467
van Wyk HA	5,080	-
	142,060	263,843

Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging

Finansiële State vir die jaar geëindig 30 September 2017

Aanvullende inligting

Syfers in Rand	2017	2016
Heffings vooruitbetaal		
Barkhuizen GT	508	967
Barnard Familie Trust	509	-
Botha JJ	-	467
Brakpan Bolt and Nut Supplies (Edms)	228	-
Brits MB	-	4,800
Carel Kuun Beleggings Trust	-	480
Charl Marais Familie Trust	-	480
Claasen AMJ	1,500	-
De Jager J	-	467
De Kock GL	508	480
De Villiers KM & T	-	360
De Witt MN & Z	1,500	-
Derer G en MME	885	-
Du Toit DS	-	467
Duminy HJ	508	-
Eenstroom Trust	-	480
Elco Familie Trust	508	-
Engelbrecht L	-	467
Engelbrecht WA	-	467
Erasmus CF	508	-
Franken CJ & E	508	480
Geldenduys JJ	7,008	3,980
Gelderblom CM	-	467
Goosen AJ & H	53	-
Gouws IG	-	480
HC Werth	508	-
Hennie Werth Familie Trust	-	400
Irene Breedt	2,681	-
Jakhalsdans Eiendomme (Edms) Bpk	3,551	-
Jakhalsdans Property Trust	-	2,570
Jansen Van Vuuren AJ	49	489
Jansen Van rensburg A & L	545	467
Johan Du Toit Familie Trust	508	480
Jooste DM	-	480
Jordaan J&A	-	480
Karel Kuun Beleggings Trust	503	-
Kasselman MJL	-	480
Kearney PU	508	480
Kemp PA	-	480

Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging

Finansiële State vir die jaar geëindig 30 September 2017

Aanvullende inligting

Syfers in Rand	2017	2016
Heffings vooruitbetaal (Vervolg)		
Keyter GJ	-	480
Keyter JJ	-	400
Kohne testamentêre Trust	382	-
Lane RL & EGR	480	480
Le Morné Familie Trust	1,183	-
Le Roux JH	382	-
Liberty moon Investments (Edms) Bpk	20	-
Londt AA	508	-
Lötter AF	508	-
Maloney Familie Trust	4,039	716
Marias DE	1,249	-
Marias WD	-	480
Melani Fitzgerald Trust	466	467
Mnr JCP Roets	7,256	-
Möller EL en EL en JJ	-	467
Nöthling IM & Louw TJ	428	1,000
Onbekende Depositos	1,500	-
Oosthuysen JJ	-	480
Opperman AL	4,213	-
P Maree Trust	-	480
Pieter Van Vreden Trust	-	580
Potgieter S	508	480
Potgieter SC & M	508	-
Roets JCP	-	6,728
Saunders GK & A	508	-
Scholtz HA	508	-
Scope design & Building Construction	508	480
Somerreg Trust	-	347
St. Elswear BK	-	646
St. Elswear BK	566	-
Steyn I	508	-
Strauss AJ	94	467
Streicher MJ	5,588	-
Strydom CJ	508	-
Swart DM	-	467
Terblanche E	-	467
The Zeru Trust	508	-
Van Der Westhuyzen AM	644	-
Van Niekerk DF	-	465

Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging

Finansiële State vir die jaar geëindig 30 September 2017

Aanvullende inligting

Syfers in Rand	2017	2016
Heffings vooruitbetaal (Vervolg)		
Van Niekerk LM	1,146	-
Van Niekerk MS	508	480
Van Niekerk S	4,587	9,667
Van Wyk MJC	4,860	-
Verheem Eiendoms Trust	508	-
Visser R (Mev EM Terblanche)	-	360
Visser S	-	480
Volschenk SE	508	-
Vossie Potgieter Trust	-	350
WHS Trust	508	-
Wagner JL & AS	8	-
Williams H	4,580	140
	74,367	50,649